

# Laat U Koninkryk Kom!



Die woorde van die gebed wat Yahshua (Jesus) byna 2000 jaar gelede aan Sy dissipels gegee het, toe hulle Hom gevra het, **“Meester, leer ons hoe om te bid”**, is vandag algemeen bekend as die “Onse Vader” of “die Meester se gebed”. Miljoene sê wêreldwyd daaglik hierdie gebed op. Verstaan ons werklik die impak van hierdie woorde wat so gereeld, herhaaldelik en sorgeloos opgesê word?

Deel van daardie gebed is (Matt.6:10), **“Laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.”** Wil ons werklik, wanneer ons hierdie woorde daaglik sê, met ons hele hart hê dat dit moet gebeur? Verstaan ons werklik wat hierdie vers regtig beteken?

Yahweh vertel ons reeds in die eerste hoofstuk van Genesis dat Hy die hemel en aarde in ses dae geskep het, en op die sewende dag, die Sabbat, gerus het. Net so het Yahweh 6000 jaar

aan die mens gegee om sy eie regerings, ekonomiese stelsels, skole, en selfs kerke te skep. Alles waaruit hierdie wêreld opgemaak is, is van die vlees wat van die duiwel af kom. Yahweh is nie in die skole, of op TV, of in die gemeenskap in die algemeen te vind nie. Dit is waarlik ‘n wêreld sonder Yahweh. Aan die einde van sy (Satan) 6000 jaar (as jy die jare bymekaar tel vanaf Adam tot nou toe is ons byna daar) sal Yahshua Messias (Jesus) terugkeer aarde toe om te regeer vir die sewende millennium van rus van die sonde, die kwaad, en die bese sisteem van gierigheid, trots, hebsug, en geld waarop ons huidige wêreld gebou is. Hy sal dan ‘n suiwer regverdige sisteem vir 1000 jaar oprig. 2 Pet. 3:8 vertel ons ook van Yahweh se 7000 jaar plan. **“Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by Yahweh soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.”**

Yahshua (Jesus) die Seun van Yahweh het die eerste keer, ongeveer 2000 jaar gelede, aarde toe gekom om ‘n aaklige dood te sterf en so ook die straf vir die sondes van die mensdom te kom dra. Jesaja 53:5-6 **“Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar Yahweh het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.”** Wat ‘n nederige ervaring is dit nie om te besef hoe swak ons in ons vlees is nie, maar wat ‘n vreugde is dit nie om te besef dat, **“so lief het Yahweh die wêreld gehad, dat Hy**

**Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”** (John 3:16)

Glo jy? Soos dit geskrywe staan in Heb. 9:28 **“so sal die Messias ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot verlossing.”** Ver wag jy Hom?

Almal wat hul lewens in Messias lewe wanneer Hy na die Olyfberg in Jerusalem terugkeer, sal saam met Hom as konings en priesters vir die 1000 jaar millennium regeer. Openb. 20:4, **“En ek het die trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die woord van Yahweh, en wie ook al die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het herleef en as konings geregeer saam met die Messias die duisend jaar lank.”** Openb. 5:10 **“en het hulle konings en priesters vir ons Elohim gemaak, en hulle sal as konings oor die aarde regeer.”**

Wat ‘n wonderlike tyd gaan dit nie wees nie! Geen oorlog, pyn of lyding meer nie. Geen siektes misdaad of hongersnood meer nie. (Miga 4:2-4)

**“En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohim van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel.**

***Want uit Tsion sal die Torah uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van Yahweh van die leërskaars het dit gesê.***

Kan jy aan 'n meer ontsagwekkende geskenk dink wat Yahweh vir ons kan gee as om ons toe te laat om saam met Messias vir daardie 1000 jaar periode te regeer?

Maar ons weet ook dat voor Yahshua Sy Koningskap op aarde kom oprig daar eers 'n tyd van groot benoudheid, wat die Bybel die groot verdrukking noem, op hierdie aarde sal wees. Mat. 13:41-42 ***“die Seun van die mens sal Sy gerubs uitstuur, en hulle sal uit Sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat wetteloosheid beoefen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.”*** Waar staan jy? Matt. 7:22-23 verklaar dat ***“Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam demone uitgedryf en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf!”***

Probeer ons elke dag om tot die hoë roeping

van ons Meester en Verlosser Yahshua te lewe? Help ons die weduwee, die hawelose, en die armes? Bestudeer ons die Woord van Yahweh daagliks, en bid ons tot ons Hemelse Vader dat Sy Koninkryk moet kom? Of is ons vol trots, die eie ek, liefhebbers van geld? Geen tyd om die armes en behoeftiges te help nie, slegs tyd om te lewe in ons vleeslike begeerlikhede? Jy kan dit nie beide kante toe hê nie. Ons roeping as 'n gebore kind van die lewende El is iets wat ons met ons hele hart moet koester. Jy kan nie daagliks vir die vlees lewe – ure se TV of video's kyk, liefde vir al die vleeslike dinge hê, inkopies vir elke nuwe item doen – en dan dink jy gaan ook saam met Messias regeer nie. Luk. 14:33 ***“So kan dan ook niemand van julle wat NIE afsien van al sy besittings, MY DISSIPEL WEES NIE.”***

Messias het gekom om ons van die hebsug van hierdie wêreld vry te maak, en om ons voor te berei vir heerskappy in Sy Koninkryk. Ons moet elke dag volheid vir Hom lewe. Ons eie ambisies en trots moet sterwe. Ons moet werklik ons naaste lief hê soos onself. Nie meer skinder nie, maar eerder bid, selfs vir diegene wat ons seer maak. Bid waarlik en dink aan hierdie nugter woorde. Dan, wanneer jy volgende keer die “Onse Vader” bid, sal jy dit met jou hele hart bedoel: ***“Laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.”***

**Kom Meester Yahshua, kom! Amein.**

Skryf asseblief as jy 'n gratis CD of pamflet oor “Waarom jy gebore is” wil hê en ons sal dit graag vir jou stuur. Besoek ook gerus ons webtuiste by [www.coyhwh.com](http://www.coyhwh.com)